

24 OKTOBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 116 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: PSALM 116:15**

Die kosbare dood van God se gunsgenote

Die “kosbaarheid” van die dood God se gunsgenote sê dat God enersyds dikwels sy kinders red uit die bande van die dood en die strikke van die doderyk –

- deur hulle van siekte te genees of
- sy hand oor hulle te hou in sinnelose geweld of
- hulle veilig by hulle bestemming te bring wanneer hulle op reis gaan.

Dit gebeur andersyds ook dat Hy nie die redding van hulle lewe hier beskik nie, want gelowiges kom ook te sterwe. Dan het sy gunsgenote steeds die troos van sy hand wat hulle vashou, liggaam en siel, in lewe en in sterwe.

Wie is hierdie gunsgenote wie se dood so kosbaar is? Dit is mense –

- wat Hom liefhet,
- wat Hom aanroep in hulle nood en
- wat Hom ken as barmhartig en regverdig en groot van goedertierenheid.

Dit is die eenvoudiges, volgens vers 6, wat in hulle nietigheid en afhanklikheid oop is vir sy hulp en troos en redding. Sulke gelowiges maak hulle dankbaarheid om gunsgenote te wees sigbaar –

- deur te lewe as verlostes en nie soos iemand wat nog deel is van hierdie wêreld nie,
- deur Hom aan te roep en te vertrou en
- deur hulle geloftes, daardie onderneminge wat hulle stil-stil of in die openbaar voor die gemeente gemaak het teenoor die Here, stiptelik na te kom.

Jy maak jou dankbaarheid verder sigbaar deur te lewe as sy eiendom, sy kneg wat met verstand en wil en hand in sy diens staan, vier en twintig uur van elke dag. Jy doen dit deur jouself daarom te gee as ‘n lewende, heilige offer wat vir God welgevallig is. Ja, jy bewys dat jy ‘n dankbare gunsgenoot van God is, deur die gemeenskap van die gelowiges gereeld en ywerig op te soek.

Sing: Psalm 16:5

Ds Ben Smit (Parys)